

Saterdag 2 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-21; HK Sondag 1, Antwoord 1

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:19

Ons troos: ons is die eiendom van Christus

Ons bely dat ons geheel en al vir altyd aan Christus behoort (Rom. 14:8). Ons is sy onvervreembare eiendom (1 Kor. 3:23; 6:19, 20). Ondanks die grootste krisis wat ons hier op aarde kan beleef, bly ons sy eiendom – ook by en na ons dood. Christus stel dit baie duidelik as Hy sê dat niemand sy kinders aan wie Hy die ewige lewe gee, ooit uit sy hand of uit sy Vader se hand sal ruk nie (Joh. 10:28, 29).

Hoe het ons die eiendom van Christus geword? Ons het sy eiendom geword eerstens omdat Christus Self vir al ons sondes ten volle *betaal het*. Self kon ons of enigiemand anders nie vir ons sondes betaal het nie. Toe het Christus in sy onbegryplike groot liefde en genade al ons sondes op Hom geneem en in sy verskriklike lyding aan die kruis ten volle daarvoor betaal met die duurste prys wat enigiemand ooit kan betaal. Dit is wat Petrus ook wil beklemtoon as hy skryf: *“Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is nie ... Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus ...”* Daarom is ons Christus se kosbare eiendom.

Ons het verder die eiendom van Christus geword omdat Hy ons uit alle heerskappy van die duiwel *verlos het* (Joh. 8:34-36; Heb. 2:14). Die duiwel verlei ’n mens tot sonde en die sonde ontnem jou jou vryheid en maak van jou ’n slaaf van hom. Deur die duiwel het die dood en die vrees vir die dood in die wêreld gekom (Heb. 2:14, 15). Christus het egter deur sy borgtogtelike lyding en sterwe ons van die slawerny van Satan, die sonde en die dood bevry. Christus het immers “juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak” (1 Joh. 3:8).

Noudat ons die eiendom van Christus is, *bewaar* Hy ons so dat niks sonder die wil van die Vader met ons sal gebeur nie. Die gelowige kom soms in geweldige krississe en beproewings. Sal hy staande bly? Ja, die kind van God sal, omdat die Here hom te midde van beproewings vashou en bewaar. Daarom kan Paulus met soveel oortuiging en besieling sê dat niks in die hemel of op die aarde ons ooit kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie (Rom. 8:38, 39). Ons bly vir altyd sy eiendom.